**LAERSKOOL**

# DIE NOODSAAKLIKHEID OM DIE GEÏNTEGREERDE HISTORIESE BENADERING DADELIK TE IMPLEMENTEER*

*Dr. Jurie Joubert*
*Boland Onderwyskollege*

"... now they have no money, and they're working on the basis of not changing anything until everything has changed." Weekly Mail, March 1993.

Om bostaande aanhaling verkeerd te bewys, het die KOD se Senior Primêre Studiekomitee (Geskiedenis) in 1992 alreeds besluit om hulp en leiding te verleen aan leerkragte t.o.v. die nuwe benaderingswyse in Geskiedenis soos vervat in die rasionaal van die kernsillabus. Dié sillabus is goedgekeur maar geen implimenteringsdatum is daaraan gekoppel nie.

Na aanleiding van werk wat toe alreeds in Kaaplandse skole verrig is op dié gebied, het die Studiekomitee verder besluit om dié werkwyse aan die onderwyser in die klaskamer bekend te stel sodat dit in die praktyk geïmplementeer kan word.

**Prosedure:**

Reeds vanaf die eerste dag is vennote by hierdie projek betrek. Met die Studiekomitee as inisieerder, is studiegroepe, onderrigleidingsdiens, kurrikulumdiens, skole, onderwysersentrums en opleidingsinrigtings betrek. 'n Demokratiese proses is gevolg deurdat alle vennote by die aanvanklike samestelling en ontwikkeling van die proses en materiaal betrokke was en is. Hierdeur is eienaarskap verseker.

Een van die redes vir die projek was die probleem dat die huidige feitegebaseerde benaderingswyses in Geskiedenis relevansie en progressie in die wiele gery het. Relevansie en progressie is as rigtinggewende kriteria beskou.

Verskeie vergaderings is gehou in samewerking met mnr. D.W.J. van Schoor, Voorsitter van die Geskiedenis Studiekomitee (Senior Primêr) en mnr. A.S. Christensen (S.O. Onderrigleiding). Hierdie vergaderings is bygewoon deur dr. J. Joubert (OKB), die aanbieder van werksessies, en die betrokke onderwysers.

Goeie vordering is reeds gemaak en verskeie werksaamhede is aangepak, nl.

* Verskeie besprekings is in die werkgroep gehou om groter duidelikheid te gee oor die inhoud en implementering van die werkwyse en om onduidelikhede wat mag bestaan, uit die weg te ruim.

* Dr. Joubert het in samewerking met die studente van OKB vakperspektiewe vir elke tema van st. 2 - 5 in die sillabus opgestel en aan die onderwysers vir implementering deurgegee.

* Die onderwysers het in standerdgroepe verdeel en historiese bronne is reeds oor elke tema in die sillabus versamel. 'n Bronnebank is beskikbaar vir naslaandoeleindes en gebruik op 'n *eksperimentele basis in die* klaskamer. (Aanvanklik slegs deur die onderwysers wat die werksessie bygewoon het.)

* Aandag is ook geskenk aan die "tradisionele metodes" van Geskiedenisonderrig, bv. rolspel, vertel van verhale, ens. en hoe dit in die historiese werkwyse geïnkorporeer kan word.

*Referaat gelewer op tweejaarlikse konferensie van die Suid-Afrikaanse Historiese Genootskap, Stellenbosch, 19-21 Januarie 1994.

* Onderwysers is besig om modules te skryf of die werkwyse op eksperimentele basis te implementeer.

* Verskeie interessante modules is reeds ontvang en die onderwysers is entoesiasties oor die benadering. 'n Voorbeeld soos dit in die klaskamer geïmplementeer word, is aangeheg.

* Geskiedenisseminare is in verskeie streke aangebied.

  Aandag is gegee aan:

  - Agtergrondkennis t.o.v. benadering
  - 'n Praktiese les is deur onderwysers in klasverband aangebied.

* 'n Vergadering is gehou om aandag te gee aan evalueringswyses wat van toepassing is op die historiese werkwyse.

* Verdere indiensopleiding t.o.v. die onderskeie mikpunte van die werkwyse is alreeds aangebied.

* 'n Volledige dokument is saamgestel om die benaderingswyse aan onderwysers te verduidelik.

  Dié komitee wil nie nuwe inhoude saamstel nie, maar gebruik juis die "ou" inhoude wat in elk geval bekend is aan die onderwyser. Dié benadering bied 'n totaal ander kyk op die bekende inhoude. Daarom hoef Kaapland nie nou te wag vir moontlike nuwe inhoude nie maar kan die onderwysers geskool word in dié benaderingswyse.

  Hierdie baanbrekerswerk, wat in 'n groot mate gestimuleer is deur dr. Van As Jordaan se betrokkenheid, bied aan die KOD die geleentheid om die voortou te neem in die vak wat 'n noodsaaklikheid is vir almal. Jarelange indiensopleiding van onderwysers het eintlik die tafel gedek vir hierdie skolingsgeleentheid. Die geluk dat nuwe inhoude nie bekendgestel hoef te word nie, maar slegs 'n benaderingswyse, behoort in 'n groot mate by te dra tot die verwagte sukses van die projek.

**Noodsaaklikheid van relevante onderrig**

Die soeke na relevante onderwys het byna die oorheersende onderwysriglyn van ons tyd geword. Inderwaarheid is alle onderwys veronderstel om altyd relevant te wees.

Maar wat is relevante onderwys? Onderwys vir kinders is daarop gemik om hulle voor te berei en toe te rus vir die hier en nou, maar veral om hulle gereed en paraat te maak vir die toekoms wat op hulle wag. Gereedheid en paraatheid sluit nie net kennis en vaardighede in nie, maar veral ook norme, waardes, gesindhede, oriëntasies, insig, oordeel, besluitnemingsbevoegdheid, selfstandigheid en in die finale instansie, volwassenheid.

Relevante onderwys kan derhalwe beskou word as onderwys wat die leerlinge suksesvol sal toerus om gelukkige en produktiewe volwassenes te word in die wêreld en tyd waarin hulle leef en sal lewe.

Vir onderwys om relevant te wees, beteken dit ondermeer dat diegene wat die aard en inhoud van die onderwysprogram bepaal, baie goeie insig moet hê in die "wêreld en tyd" waarin die leerlinge vandag leef.

Vir geskoolde waarnemers is dit duidelik dat die inligtingsera nou op groot skaal betree word en dat konsepte en denkwyses van die industriële era nou vinnig besig is om tot 'n einde te kom. Alle aktiwiteite, organisasies, prosesse en strukture is daarom besig om te verander. Weens die massale beskikbaarheid en vloei van inligting oor feitlik elke stukkie natuurlike en menslike werklikheid en aktiwiteit, het dit nodig en moontlik geword om deurlopend alles te evalueer, te hersien en aan te pas.

Die vak Geskiedenis het 'n yslike probleem om met die bestaande leerplanne leerlinge doeltreffend vir die 21ste eeu voor te berei. In 'n toekomstige multi-kulturele opset sal dit fataal wees om dié vak aan te bied, aan die hand van slegs bestaande inhoude.

By geleentheid het 'n Walliese skoolinspekteur moedeloos gesê, "I have told many of the Headmasters that this subject - of the utmost importance to everyone - has no educative value as taught in our schools: and that nothing would be lost by substituting a book of Railway Timetables for the text book".

Die meeste opvoedkundiges, ook in Kaapland, sien die onderrig van dié vak as die akkumulasie van 'n klomp "aanvaarbare" feite. Daarom glo dié groep dat die klem moet val op die korrektheid van feite asook die regte aaneenlopenheid van gebeurtenisse. Dit veroorsaak dat die meeste leerlinge glo dat Geskiedenis slegs in hul handboek opgesluit lê en bestaan uit lyste name en datums.

Die meeste vakinhoude wat tans gebruik word om Geskiedenis te onderrig is lukraak gekies. Daarom word daar tans geredeneer oor watter inhoud aangebied moet word, maar die deelnemers aan die gesprek gebruik hul eie politieke standpunt om hul keuse van inhoude te regverdig. Dit veroorsaak dat daar geen verbetering in die onderrig gaan plaasvind, net bloot 'n verskuiwing van inhoude wat glad nie gebaseer is op wetenskaplike gronde nie.

Juis die feit dat "feite", op die oog af, so maklik oordraagbaar is, veroorsaak dat die wese van die vak nie baie deeglik ondersoek is nie. Die vak se naam is Geskiedenis, maar die leerlinge kom nooit by die wese van die vak uit nie, want hulle het slegs te doen met 'n klomp feite.

Daar word verder baie duidelik in verslae (bv. Walters, Nasop en Nepi) verwys na algemeenvormende onderwys en die belangrikheid daarvan in veral die eerste sewe jaar van alle leerlinge se skoolloopbaan. Dit toon ook dat Geskiedenis 'n regmatige plek in die onderwys kan inneem indien die vak daarin kan slaag om 'n bydrae te lewer in die bereiking van onderstaande doelstellings:

1. Die ontwikkeling van leerlinge tot individue met 'n ontwikkelde gees, 'n sterk en goeie sedelike karakter en 'n verdraagsame en ewewigtige persoonlikheid;

2. Die voorbereiding van leerlinge vir 'n selfstandige en suksesvolle bestaan in die wêreld deur die nodige grondslae vir verdere ontwikkeling, beroepsbekwaamheid en ekonomiese selfstandigheid by hulle te lê;

3. Die opvoeding van leerlinge tot verantwoordelike en nuttige burgerskap, sodat hulle bekwaam en gewillig sal wees om diens te lewer en sodat hulle hul rol in die lewe op bekwame en behoorlike wyse kan vervul en 'n positiewe bydrae tot die geheel sal maak. (Nasop-verslag)

Dit kan dus 'n uitmuntende geleentheid wees om dié vak te laat leef, maar slegs indien die volgende riglyne bereik kan word:

* Minder abstrakte verbale onderrigmetodes moet toegepas word want dit strem leerlinge se vermoë om logies te redeneer. Dit is mos 'n feit dat suksesvolle leer slegs kan plaasvind wanneer dit wat onderrig word verband hou met die kind se vermoë om op verskillende wyses en vlakke te redeneer.

* Die hoofdoel van Geskiedenisonderrig is nie net om menslike horisonne te verbreed nie, maar ook om begrip vir menslike omstandighede te verbreed. Dit sal aanleiding gee tot die ontsluiting en verruiming van die kennis en leefwêreld van die kind. So kan 'n kind persone en gebeurtenisse van 'n ander tyd en van 'n ander wêreld, wat hy nie ken nie, sy "eie" maak.

* Geskiedenis moet ook gesien word as die **metode** waarvolgens kennis bekom kan word eerder as bloot 'n klomp feite. J. Blyth is daarom in die kol as hy beweer, "... developing historical thinking in pupils is only really intelligible where the subject is seen as a discipline with a distinctive approach and procedures in dealing with past information." Dit is dus noodsaaklik dat die teorie en metode van Geskiedenis as 'n wetenskap, in 'n elementêre vorm, vroeg moet aandag kry. Dié metode moet dan progressief ontwikkel word. Die historiese metode, houdings en die vermoë om te dink en te beoordeel is baie belangriker as 'n klomp blote feitekennis.


* Die totale onderrig van Geskiedenis moet by die kind se eie leefwêreld aanpas. Die kind leef in die hede en daarom is dit moeilik om hom in die verbeelding na die verlede terug te voer om so die gees van 'n tydperk te kan beleef.

Dit gaan dus nie om die akkumulasie van grootliks onbruikbare inligting ter wille van goeie eksamen resultate nie. Die onderwyser moet weet dat die kriterium vir vordering in Geskiedenis nie die hoeveelheid feitelike inligting wat verwerf moet word is nie, maar watter verbetering daar was ten opsigte van die peil van historiese denke en vaardighede.

Die oplossing vir die onderrig van die vak is geleë in die relevante aanbieding van dié historiese metode. Die benadering (sien dokument wat aangeheg is) is geïntegreerd omdat die kind se leefwêreld die uitgangspunt van die onderrig is en omdat die historiese metode toegepas word om die inhoude vir die leerlinge te ontsluit.

Hierdie is 'n suiwer wetenskaplike standpunt wat op enige verhoog verdedig kan word. Die benadering sal verder verseker dat die onderrig relevant is, Dit is juis 'n asemrowende ondervinding om waar te neem hoe sg. lewensvaardighede in die benadering tot sy reg kom.

Die Geïntegreerde Benadering : Model vir die Onderwyser



A. **Missie** : Wat is Geskiedenis?

* Die historikus se taak is om die mens se rol in die verlede:

- te verstaan
- te verduidelik
- te beskryf

in terme van

- wat hy gedoen het
- hoekom hy dit op so 'n manier gedoen het en
- wat die gevolge van sy dade is

* Historici gaan d.m.v. baie verskillende tegnieke en vaardighede terug na die verlede en probeer om te verstaan, te verduidelik, en te beskryf waarom die mens op 'n spesifieke manier opgetree het en wat met hom as gevolg daarvan gebeur het.

* Ons sal nooit weer die volle verhaal van die menslike verlede kan saamstel nie. Daar bly egter genoeg bewyse van menslike aktiwiteite in die verlede oor waardeur historici geskiedenis kan skep.

1. Geskiedenis moet dus gesien word as pogings om die mens se rol in die verlede te interpreteer.
2. Dit is nie die verlede nie, maar dit wat die historikus dink oor die mens se rol in die verlede.
3. Geskiedenis het nie uitsluitlik te doen met die oordraging van aanvaarbare feite nie,
4. maar met die maak van ingeligte keuses
5. asook die bekendstelling van bewyse aan die hand waarvan sodanige oordele gemaak word.

Voorbeelde is in raampies. Al dié voorbeelde is direk afkomstig uit klaskamers waar dié benadering alreeds met groot vrug gevolg word.

Missie

Geskiedenis is die **Aktiewe** ondersoek, interpretasie, verslaggewing en beoordeling van dit wat met die **Mens** in die **Verlede** gebeur het.

Geskiedenis is dus 'n poging van historici om die verlede beter te verstaan



**WAT IS GESKIEDENIS?**

Die bewyse in die artikel word getuienisse genoem. Getuienisse is belangrik omdat ons daarmee inligting i.v.m. mense of gebeure kan uitvind. Hierdie getuienisse noem ons ook bronne.



- Verslaggewers gebruik dit om artikels in 'n koerant te skryf.
- Speurders soek dit om presies uit te vind wat tydens 'n misdaad gebeur het.
- Argeoloë kry getuienisse deur middel van opgrawings.
- Historici gebruik dit om meer van die verlede uit te vind.

B. **Ervaringsterrein**

Binne die vak Geskiedenis moet daar op 'n deurlopende wyse spesifieke ervaringsterreine van die mens geïdentifiseer en bestudeer word. Hierdie terreine dien as riglyn vir die ontwikkeling van begrip vir die mens se optrede in die verlede. Hierdie terreine is in 'n groot mater onderling verweef. Die volgende terreine moet aan die leerlinge bekend gestel word, nl.: Esteties, Sosiaal, Linguïsties, Geestelik, Kreatief, Ekonomies, Eties en Tegnologies.

***DOOD EN DIE LEWE NA DIE DOOD***




Dit was vir die Egiptenare baie belangrik dat die liggaam van die dooie persoon baie goed bewaar moes bly. Danksy die Egiptenare se goeie tegnieke kon argeoloë die mummies (gebalsemde lyke) bestudeer en meer omtrent die leefwyse van die Egiptenare te wete kom en selfs sien hoe die Egiptenare gelyk het.

BALSEMING - 70 DAE LANK

Stap 1 : Eerstens is die brein en die organe verwyder en in flesse geplaas. Die liggaam is dan skoongemaak en gevul met speserye wat lekker geruik het.

Stap 2 : Hierna is die liggaam met natron, 'n soort sout, behandel. Dan is die liggaam gelos om droog te word.

Stap 3 : Die liggaam is weer met speserye en olies behandel. Die holtes wat ontstaan het, is opgevul met klei of linne. Hierna is die liggaam met verbande van linne toegedraai en in 'n kis geplaas.

Jy is 'n moderne wetenskaplike en het vir baie jare die mummies bestudeer om die proses van balseming te bemeester. Vandag word dit nie meer gedoen nie. Gee 'n rede hoekom jy dink dit nie meer gedoen word nie en watter metodes jy vandag sou gebruik om 'n liggaam te bewaar.

Rede : ______________________________

Metodes : ______________________________

C. **Vakintegriteit**

- Met vakintegriteit word verwys na die eiesoortige eise van die vak, nl.:

    * eie terrein wat die werklikheid dek
    * eiesoortige werkwyse
    * eie struktuur en samehang van konsepte
    * eiesoortige evalueringswyse

- Die sin van Geskiedenis en sy samehang met ander vakke moet aandag geniet (Transkurrikulêre faktore)

- Indien vakintegriteit duidelik verstaan word sal:

1. Progressie en kontinuïteit volgens 'n raamwerk bereik kan word.
2. Duidelike vakdoelformulering verskaf kan word waarop onderwysers se werkskemas kan berus.
3. Noodsaaklike inhoude geïdentifiseer kan word.
4. Onderwysers, leerlinge en ouers duidelik verstaan wat van hulle verwag word.

- Daar word van die onderwyser verwag dat 'n bepaalde Geskiedenistema aangebied en beplan sal word na aanleiding van die historiese werkwyse, historiese interpretasie en historiese kennis en begrip.

Geskiedenis het nie uitsluitlik te doen met die oordraging van feite nie, maar die maak van ingeligte keuses asook die bekendstelling van bewyse aan die hand waarvan sodanige keuses gemaak kan word.

**Kontak met ander groepe en die gevolge daarvan**

* Die inwoners van S.A. het nog nooit alleen en weg van mekaar geleef nie, maar daar was altyd kontak, konflik en/of interaksie gewees.




* Eers het die jagters en veewagters mekaar ontmoet en later het die veeboerlandbouers weer met hulle in aanraking gekom. Vanaf die 15de eeu het die Europeërs by die kus van S.A. aangedoen en ook met dié mense kontak gemaak.

D.

**Fokuspunte**

Die inhoud moet so aangebied word dat die verskillende vakperspektiewe daarin aangespreek word. Die volgende perspektiewe (verskillende hoeke, benaderingswyses) is baie belangrik en moet in alle historiese inhoude geïdentifiseer kan word:

- Polities ______________________________
- Ekonomies ______________________________
- Tegnologies ______________________________
- Sosiaal ______________________________
- Godsdiens ______________________________
- Artistiek ______________________________
- Kultuur ______________________________




BESKAWING

E. **Mikpunte**

Mikpunte verwys na vakspesifieke doelstellings en doelwitte (wat kennis, begrip en vaardighede insluit), wat leerlinge gedurende die senior primere fase behoort te bereik of te verwerf en aan die einde van die fase moet kan toepas. Hierdie mikpunte kan slegs bereik word as 'n sorgvuldig beplande onderrigprogram gevolg word.

| |
|---|
| Mikpunte vorm die kern van hierdie benadering. |

Dit verseker progressie en kontinuïteit en dien ook as maatstawwe aan die hand waarvan evaluering kan plaasvind.

Dit is belangrik om te begryp dat historiese kennis (inhoud) op historiese gronde geselekteer word terwyl mikpunte op opvoedkundige gronde berus. 'n Gedetailleerde program waarvolgens leerlinge se ontwikkeling in die vak kan plaasvind, moet gevolglik nog saamgestel word nadat die mikpunte omskryf is.

| |
|---|
| Hoe meer historiese kennis leerlinge verwerf, hoe makliker sal dit vir hulle word om al die mikpunte te bereik. |

Historiese kennis kan net binne konteks beoordeel word.

Vir Geskiedenis word daar 3 mikpunte uitgespel. Elkeen verteenwoordig 'n reeks vermoëns wat noodsaaklik is vir die ontwikkeling van historiese kennis, begrip en vaardighede. Hierdie mikpunte is nou verweef en daar sal oorvleueling wees.

Die derde mikpunte word as "Kennis en Begrip" omskryf om dit sodoende van die ander twee mikpunte, wat hoofsaaklik gemoeid is met die verwerwing en beoefening van vaardighede, te onderskei. **Alle mikpunte voorveronderstel die bemeestering van kennis!!**

Onderstaande drie mikpunte, wat as gevolg van noue verweefdheid by tye sal oorvleuel, moet deurlopend in alle standerds ontwikkel word:

- Historiese ondersoek
- Historiese interpretasie
- Historiese kennis en begrip

1. **Historiese ondersoek**

Historiese kennis is gebaseer op bewyse vir verlede-gebeure soos dit uit historiese bronne afgelei word. Leerlinge moet besef dat die verlede nie meer bestaan nie en slegs begryp kan word aan die hand van bronne wat nagelaat is. Bewyse kan slegs verkry word nadat bronne verstaan, geanaliseer en gekontroleer is vir relevansie en betroubaarheid.

"In the process of investigating, pupils will develop and use skills which will involve them, both individually and in cooperation with others, in identifying issues to be investigated, in planning and implementing enquiries with both primary and secondary source materials; in making appropriate records of their findings; in evaluating and interpreting the evidence obtained and in presenting their findings to others."

Hierdie mikpunte sluit in die ontwikkeling van 'n vermoë om bronne:

- te interpreteer - binne 'n wyer historiese konteks te plaas
- te bestudeer en gevolgtrekkings/afleidings daarvan te maak
- se betroubaarheid te beoordeel - se waarde te beoordeel
- as basis vir verslagdoening te gebruik.

Leerlinge met verskillende soorte bronne gebruik, o.a.:

* Geskrewe bronne

- regeringsdokumente
- plaaslike dokumente
- persoonlike dokumente
- koerante
- literatuur
- musiek

* Visuele bronne

- voorwerpe
- foto's, plakkate en spotprente
- video's en films
- skilderye
- geboue en plekke

* Mondelinge bronne

- volwassenes wat oor hul eie verlede praat
- opnames van gebeure vanuit die verlede

* Historiese rekonstruksie

- musiek, danse en drama van ou samelewings
- uitstalling in museums wat die verlede interpreteer.

'n Historikus gebruik dus getuienisse van die verlede om bewyse te vind om antwoorde te bekom. Dié werk of taak bestaan uit 3 gedeeltes:

* die insameling van die nodige getuienisse
* die opteken van die ingesamelde getuienisse
* die beoordeling van die getuienisse




2. Historiese interpretasie

Hierdie mikpunt verwys na die verskillende maniere waarop die verlede voorgestel of geïnterpreteer kan word. Leerlinge moet bewus gemaak word daarvan dat 'n studie van geskiedenis die waarheid najaag en dat sekere reëls gevolg moet word. Hulle moet ook die probleme besef wat gepaard gaan met pogings om die verlede so objektief moontlik voor te hou.

"Understanding interpretations of the past is about children appreciating that views of the past vary and learning to discriminate between fact, fiction and opinion."

2.1 Historiese interpretasies

2.2 Historiese empatie



- * Die Nederlanders het die klein ligbruin jagters "Bosjesmans" begin noem.
- * Dit het lank die aanvaarbare naam gebly.
- * Vandag verkies wetenskaplikes die naam San omdat dit die naam was wat die Koikois aan sekere van die jagtersgroepe gegee het en omdat die term Boesman 'n negatiewe betekenis verkry het.

**Beoordeling van getuienisse**

- Op 'n perdeskou word die perde mos beoordeel en die beste een wen 'n prys.
- Getuienisse moet deur 'n historikus beoordeel word of dit hom kan help om by antwoorde uit te kom.
- Jy het alreeds in die module getuienisse beoordeel. **Dit was mos maklik.** Vir 'n historikus is die beoordeling egter altyd baie belangrik, want

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________




3. **Historiese kennis en begrip**


**Ontwikkeling van kennis en begrip in Geskiedenis**

Daar bestaan 'n nou verband tussen die drie mikpunte. Hierdie mikpunte verwys na die vermoë van leerlinge om historiese verandering en kontinuïteite, oorsaak en gevolg te verduidelik en te beskryf en om 'n analise te maak van verskillende eienskappe van historiese tydperke.

Dié mikpunt word in vyf vakspesifieke doelstellings verdeel, naamlik:


- verandering en kontinuïteit
- oorsaak en gevolg
- kronologie en tyd
- invloed van die omgewing
- verskillende eienskappe gedurende 'n historiese tydperk/situasie.

## GROEPWERK



### "KRISIS TREF ONS LAND !"

"Weens 'n geweldige groot aanvraag na ink, papier, penne en bakstene het hierdie items in ons land opgeraak. 'n Versoek word aan almal gerig om oplossings vir ons groot probleem te vind ..."



Kom ons kyk of ons die Egiptenare se metodes kan gebruik om die krisis op te los. Bestudeer die onderstaande metodes en kyk of julle soortgelyke materiaal of plaasvervangers in jul omgewing kan kry en toets dit prakties om te kyk of dit werk.

**Papier**

Papirusriet in repe sny



of




Velle van diere

**Ink**



Resep vir ink :
Roet + Gom + Water

**Pen**



Gebruik riet en sny die punt skerp.

**Stene**

Water + klei + grond + gras.



Vorm vir stene

Meng bestanddele en gooi in vorm. Laat in son om droog te word.

| | Watter materiaal uit jul omgewing *hèt julle gebruik?* | Was jul poging *suksesvol?* |
|---|---|---|
| PAPIER | | |
| INK | | |
| PEN | | |
| BAKSTENE | | |

Jul groep word gevra om 'n televisieopname te maak van die Ndebeles se aanvalsmetode. Meegaande gedag behoort jul baie te help!

"Hulle sing en dan
Tot hul op verre hoogtes die naderende vyand sien
Die geluid van hulle sang klink gedemp in die nag
En hul harte is vol vrees
Hulle sien wolke van die vlaktes opstyg
Dis rook van brandende dorpe
Die manne gryp hulle wapens en storm uit
Soos op die jag van 'n bok
Die eerste stormloop is soos die stem van weerlig in die herfsstorm
En hulle spiese die geskud van die bos
En hulle storm op hulle slagoffers af
Dis die kreet van oorwinning."

**UIT: J. Olivier, Pionierspore 3, p. 143**

F. Programme (Beplanning)

'n Program is die weg waarlangs mikpunte bereik word. Dit is die instrument waarmee die onderwysers hulle leerlinge sal begelei en ondersteun met die oog op die bereiking van die mikpunte. Dit het die implikasie dat aangedui word hoe daar met mikpunte en die missie van die vak geskakel word (proses van realisering) en hoe die modules verdeel word.

(a) **Perspektiewe**

- Missie en fasedoelstellings moet as vertrekpunte gebruik word.
- Vakspesifieke perspektief (veral die ekonomiese, fisieke, wetenskaplike, tegnologiese, politieke, sosiale, kulturele, religieuse en estetiese) moet aandag kry.
- 'n Balans tussen onderrig en leeraktiwiteit moet verseker word.

(b) **Modules**

Daar behoort onderskei te word tussen kern- en keusemodules om sodoende vir die eiesoortigheid van gemeenskappe voorsiening te maak. Daar behoort egter ook vir kernmodules voorsiening gemaak te word om vakintegriteit te verseker. 'n Module moet so saamgestel word dat keuse- en bewegingsvryheid moontlik is.

(c) **Transkurrikulêre faktore**

Naas persoonlike opvoeding moet die kurrikulum leerlinge voorberei om die toenemende aantal ingewikkelde sosiale, ekonomiese, politieke en ekologiese probleme in Suid-Afrika die hoof te bied. Hiervoor is vervlegte denke en vaardighede nodig wat progressief aandag kry om probleme oor die kurrikulum (transkurrikulêr) heen te kan formuleer en op te los.

Transkurrikulêre faktore is vir elke leerling op elke stadium van on-
derrig relevant en moet na alle studievelde/vakke deurdring. Alle onderwysers is gevolglik hiervoor verantwoordelik.

Transkurrikulêre faktore is bestanddele wat

- die breë opvoeding van die kind saambind
- die voorgeskrewe vakke/studievelde verbreed en verdiep
- verdere geleenthede vir persoonlike en sosiale ontwikkeling verskaf
- die leerling voorberei om samelewingsprobleme die hoof te bied.


Transkurrikulêre faktore word in die onderstaande drie aspekte verdeel, naamlik

- kernkonsepte
- kernvaardighede en -houdings
- aktuele temas

**MODULE 2** **ST. 4**

# OORSAKE VAN DIE GROOT TREK

VOORBEELD



**Aan die einde van dié module, behoort jy die volgende DOELWITTE te bereik:**

1. Weet hoe om inligting uit prente, artikels en menings te **organiseer en aan te bied.**

2. Motiveer **verskillende standpunte** met bewyse.

3. Bewys dat vertellings oor die verlede nie altyd die **waarheid** is nie.

4. Noem voorbeelde van gebeure (mense, dinge, plekke) in die verlede en vandag wat ooreenkom of verskil.

5. Bewys dat gebeure **oorsake en gevolge** het.

6. Plaas belangrike gebeure in **kronologiese** volgorde.

# DOELWITTE WAT LEERLINGE GEDURENDE ST. 4 BEHOORT TE BEREIK

# GESKIEDENIS

**DOEL:** Geskiedenis die die **aktiewe ondersoek, interpretasie, verslaggewing** en **beoordeling** van **dit** wat in **verlede** met die **mens** gebeur het.

## 1 HISTORIESE ONDERSOEK

(Bekom **bewyse/inligting** oor die verlede vanuit historiese **bronne.** Bronne moet **geïnterpreteer**, betroubaarheid **beoordeel, gevolgtrekkings** gemaak - en dan **verslag gedoen word.**)

(a) **Verkry, evalueer bronne/getuienisse**

- **Byeenbring** van inligting vanuit **verskeie** bronne (bv. ou koerante, foto's, kaarte, boeke) om 'n straattoneel van 1830 te beskryf.

(b) **Verslagdoening**

- **Verkry** inligting uit verskillende bronne, **organiseer** en **bied** dit **aan** uit verskillende oogpunte (bv. skep 'n verslag, dramatiseer t.o.v. redes vir Groot Trek).

| 2 | (p) | (v) | |
|---|---|---|---|
| X | 1<br>9<br>10 | bo<br>2a<br>3a | |
| X | 2<br>4<br>10 | bo<br>(1,3)<br>2 | |

## 2 INTERPRETASIE

(Verstaan die **verskillende** standpunte, voorstellings, interpretasies van die verlede. Poog om **objektief** te wees en die **waarheid** te soek. Daarom moet sekere **reëls** gevolg word).

(a) **Interpretering**

- Verskaf geregverdigde **redes** waarom vertellings oor die verlede **verskil** (bv. weens gebrek aan bronne, bewyse: Retief/Dingaan).

(b) **Empatie**

- Begrip vir **ander standpunte** - ook waarmee jy **nie** saamstem nie (bv. ontleed primêre, sekondêre bronne - doen opvoering: Dingaan).

| 2 | (p) | (v) | |
|---|---|---|---|
| X | 6<br>7 | 2(e,f)<br>5(b) | |
| X | 7<br>8<br>10 | (3,4)<br>5(a)<br>(4) | |

| 3 | KENNIS/BEGRIP |
|---|---|

(Verstaan Geskiedenis in **Perspektief. Organiseer** en **herroep** nou die **resultaat** van historiese studie).

(a) **Verandering/Kontinuïteit**

- Bewys sekere dinge **verander** - ander bly **dieselfde** (bv. Bloedrivier met Zoeloekerk, -monument/Stigting van onafhanklike state na 1840).

(b) **Oorsake/Gevolge**

- Gebeure het bepaalde **oorsake/gevolge**, veral korttermyn (bv. Groot Trek/ontdekkingsreise in Afrika).

(c) **Kronologie/Tyd**

- Plaas ingewikkelde gebeure in **volgorde** (maniere, nie tyd, het verander: ontwikkeling van mediese wetenskap).

(d) **Invloed van omgewing**

- Identifiseer hoe **plekke** met verloop van tyd verander (bv. Bloedrivier, oosgrens).

(e) **Kerneienskappe van tydperke**

- Beskryf verskillende **eienskappe** van 'n tydperk (bv. verskaf prente, kaarte, diagramme om die lewe tydens die Groot Trek te illustreer).

| | 2 | (p) | (v) | |
|---|---|---|---|---|
| (a) | X | 5<br>7 | b-d | |
| (b) | X | 4<br>10 | (4)<br>-2(b,c)<br>-4 | |
| (c) | X | 2<br>5 | (bo)<br>(1) | |
| (d) | | 1<br>5 | (5) | |
| (e) | X | 10 | (1,4) | |